LAEVELD AGROCHEM

Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

AREA: Marble Hall / Groblersdal

Pierre Badenhorst

Pierre het op die Hoëveld grootgeword, waar sy familie met droëlandmielies en beeste geboer het. Hy het sy skoolloopbaan by Laerskool Bospoort begin en het aan Hoërskool Ermelo gematrikuleer. Sy werksloopbaan het in Kimberley begin en in 2005 is hy met Erika getroud en hulle het 'n seun, Deon, en 'n dogter, Marianke.

Pierre is baie lief vir die landbou en het in 2013 voltyds by dié bedryf betrokke geraak as Takbestuurder by OVK. Hy het gou 'n passie vir plantvoeding en bemesting ontwikkel. In 2017 het hy 'n agent vir Gavilon Fertilisers geword en het in 2018 na Groblersdal verhuis as Tegniese Konsultant vir Agron.

Na 'n samewerkingsooreenkoms tussen Laeveld Agrochem en Agron in 2020, is Pierre as Bemestingslandboukundige by Laeveld Agrochem in Marble Hall aangestel.

Pierre leef hom uit in die natuur, hy is lief vir jag en speel graag gholf. As 'n familieman beoefen hy graag sy passies saam met sy vrou en kinders. "Familie is sekerlik een van die belangrikste dinge wat jy in jou lewe sal bymekaarmaak, so koester dit," sê hy.

Hy is opgewonde oor die toekoms en die rol wat hy by Laeveld Agrochem speel deur die kundigheid en diens wat hy aan die boere kan bied. "Hoewel ek vir Laeveld Agrochem werk, werk ek eintlik vir my boere. Ek help hulle om gesonder oeste te verbou en beter winste te genereer," vertel hy.

Pierre is betrokke by sitrus, tafeldruiwe, mielies, droëbone, sojabone, koring, aartappels, patats en tabak in Marble Hall, Groblersdal en die omliggende gebiede.

"Vertroue en goeie verhoudings met die boere is vir my baie belangrik. Ek wil hê elke boerdery waarby ek betrokke is, moet suksesvol en winsgewend wees," sê hy.

GEWASSE: Sitrus, tafeldruiwe, mielies, droëbone, sojabone, koring, aartappels, patats, tabak

AANBIEDING: Plantvoeding

Vir professionele advies: Tel: 072 477 1123 E-pos: pierreb@laeveld.co.za